



University of Fort Hare
Together in Excellence

Departement Afrikaans

Ons is nie almal so nie
deur Jeanne Goosen

Studiehandleiding
Dewald Koen

INHOUDSOPGAWE

1. Skrywersprofiel – Jeanne Goosen.....	3
2. Opsomming van die novelle.....	4
3. Resepsie.....	7
4. Karakterisering.....	8
5. Bou.....	15
6. Tyd.....	16
7. Ruimte.....	17
8. Temas.....	17
9. Taalgebruik.....	18
10. Moontlike studietemas.....	19
11. Die slot van die novelle.....	19
12. Bibliografie.....	20

Neem asseblief kennis:

Sekere woorde in die teks dateer uit die apartheidsjare en word nie huidiglik as aanvaarbare aanspreekvorme gebruik nie. Beskou sodoende die gebruik van woorde soos 'kaffer', 'hotnot', en 'koelie' binne die geskiedkundige gegewe van die novelle.

Let wel:

Die bladsynommers vir *Ons is nie almal so nie* verwys na die 2008-uitgawe.

Skrywersprofiel

Jeanette Helena Goosen is in 1940 in Parow, Kaapstad gebore. Na matriek volg sy 'n diploma in radiografie, maar beklee 'n verskeidenheid beroepe onder andere as bibliotekaris, vertaler, boer, smous, visser, afslaer, joernalis en skrywer. Reeds vroeg in haar werkende lewe word sy 'n lid van die Liberale Party. Die ideologieë van politikus en skrywer Alan Paton sowel as die anti-apartheid aktivis Mary Benson het 'n groot invloed op Goosen se denke uitgeoefen.

Goosen het jare lank as joernalis by *Oggendblad* gewerk. Gedurende die sewentigerjare is sy ook werkzaam by die tydskrif *Wurm*. Talle skrywers en kunstenaars het 'n sterk invloed op Goosen se denke gehad. Die skilder Walter Battiss en die skrywers Raymond Carter en Doris Lessing lewer in die verband 'n belangrike bydrae tot die vorming van Goosen as skrywer.

Goosen debuteer in 1971 as digter met 'n *Uil vlieg weg* en vier jaar later volg haar bundel *Orrelpunte* (1975). Goosen het in latere jare ook 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse drama gelewer met *Drie eenakters* (1992) wat bestaan uit 'n verskeidenheid eenakters en kabaretteskste soos *Kombuis-blues*, *Kopstukke* en 'n *Koffer in die kas*.

Goosen maak haar debuut as prosaskrywer met *Om 'n mens na te boots* (1975). Elf jaar later volg 'n *Kat in die sak* (1986) wat bestaan uit 'n versameling kortverhale wat oor 'n aantal jare geskryf is. In 1987 verskyn haar novelle *Louoond* gevolg deur *Ons is nie almal so nie* (1990), *O.a. Daantjie Dromer* (1993), 'n *Gelyke kans* (1995), *Wie is Jan Hoender?* (2001), *Straataf* (2001) en 'n *Pawpaw vir my darling* (2002). Goosen het die CNA-, die Rapport- sowel as die M-Netprys vir *Ons is nie almal so nie* gewen.

Goosen woon en werk tans in Kaapstad en skryf gereeld rubrieke vir bekende dagblaaië en tydskrifte. Sy koester 'n groot liefde vir troeteldiere en is 'n voorstander van diereregte.

Opsomming van die novelle*

Novelle*:

Volgens Grové verwys die term novelle na “’n letterkundige vorm van beknopte omvang en streng bou” (1963:63). Die handeling oorskadu gewoonlik die karaktertekening (m.a.w. die verteller fokus op die gebeure in die verhaal en nie soseer op die ontwikkeling van die karakter nie.)

Roman:

Die woord “roman” beteken letterlik “’n boek geskryf” in Romaans (Grové 1963:80). Die roman is ’n prosaverhaal waarin mense (karakters) “geplaas in ’n sekere omgewing, geteken word in hulle begeertes, hulle onderlinge verhoudinge en hulle handeling” (1963:80). Die klem val dus op karakterontwikkeling eerder as ’n beskrywing van die handeling.

Die novelle se motto, geskryf deur Beryl Bainbridge, lui soos volg:

Continually I try to write it down, this sense of family life. For it seems to me that the funny voices we make with our mouths, or the squiggles that we put on paper, are only for ourselves to hear, to prove there’s someone there. (2008:7)

Die motto is binne die konteks van die novelle besonders insiggewend. Olivier (1990:16) wys daarop dat Bainbridge “die aanwesigheid van ’n ander dimensie [verraai]. Skryf word dus voorgestel as bevestiging van die eie bestaan, as selfvertroosting, ook miskien as ’n manier om jouself en jou eie *roots* te verken.” Die motto is van toepassing op Gertie se karakter aangesien sy al hoe meer ontnugter word deur die lewe as gevolg van spesifieke gebeurtenisse soos die dood van haar pa en die ongelukkigheid waarmee haar ma geworstel het. Gertie verloor sodoende haar figuurlik gesproke ‘stem’ binne die konteks van die novelle. Ontnugtering bring dus mee dat Gertie haar kinderlike onskuld stelselmatig verloor. Dit word duidelik in haar opmerking verwoord nadat sy op haar ma en Bernie Truter afgekom het tydens hul passievolle seksdaad.

“Die manier waarop hy my ma se naam gesê het, het my alleen en hartseer laat voel.” (117)

Die novelle, *Ons is nie almal so nie* (1990) bestaan uit vier afdelings. Elke afdeling fokus op ’n spesifieke gebeurtenis in die lewens van die verteller, Gertie van Greunen, en haar ma, Doris.

In die eerste afdeling word die leser deur middel van die jong Gertie van Greunen as **eerstepersoonsverteller** tot die novelle ingelei. Die leser verkry ’n perspektief op die

milieu waarin die Van Greunen-gesin hulself bevind asook die sosio-politieke gebeure wat tydens die vyftigerjare 'n sterk invloed op die gesin se lewe uitoefen.

Opvallend van die eerste afdeling is die verteller se naïwiteit in vergelyking met die laaste afdeling waar die verteller deur monde van Gertie minder naïef voorkom oor dit wat rondom haar plaasvind. In die eerste afdeling neem Gertie slegs waar wat rondom haar plaasvind terwyl sy later in afdeling drie en vier fisiek reageer indien 'n sekere opdrag of besluit haar nie aanstaan nie. Gertie huil of word fisiek siek en “dwing” sodoende haar ma om haar nie by die bure te los nie.

“Sal dit beter wees as ek ophou werk en by jou en jou pa bly?” vra sy na 'n ruk. “Ja-a” het ek gehuil. (111)

Gertie woon saam met haar ma, Doris, en pa, Piet, in 'n armoedige werkersklas woonbuurt. Die verhaal speel af tydens die vyftigerjare met die Nasionale Party aan bewind nadat die party die 1948 algemene verkiesing gewen het. Gevolglik word daar na talle geskiedkundige gebeure in die novelle verwys soos die Groepsgebiedewet van 1950, die opkoms van Afrikaner nasionalisme, die rassistiese en anti-kommunistiese houding van die meerderheid Afrikaners asook die bevordering van werksgeleenthede vir Afrikaners op die spoorweë en ook by ander instellings. Ook die kultuurlawe van die Afrikaner verkry heelwat aandag aangesien die Afrikanervolk homself van die juk van die Engelse koloniale invloed moet 'bevry'. So word daar byvoorbeeld in afdeling twee na die ATKV (Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging) verwys. Die gesin spandeer vakansies by een van die organisasie se strandoorde in Hartenbos. By die oord word daar 'n konsert aangebied waar daar uitsluitlik Afrikaanse optredes aangebied mag word.

Sien, dit moet Afrikaans wees. Dit is 'n Afrikanerkonsert waar ons ons eie bevorder. (64)

Doris se vriendin, Mavis, en haar kêrel, Tank, kuier gereeld by haar. Dan drink hulle alkohol en rook Cavalla sigarette. Piet, Doris se man, keur nie die vriendskap goed nie aangesien hy van mening is dat Tank en Mavis nie goeie rolmodelle vir Gertie is nie.

“Ek wil jou reguit sê ek is daarteen dat daardie twee mense bedags hier rondlê terwyl ek by die werk is. Ek wil hê jy moet daaraan dink dat jy 'n jong kind in die huis het en dat Mavis en Tank nie vir haar 'n voorbeeld is nie.” (36)

Piet is aanvanklik werkloos en sukkel om 'n vaste betrekking by die spoorweë te kry. Wanneer hy egter wel permanent aangestel word, is hy heelwat afwesig van die huis. Sy afwesigheid van die huis dra uiteindelik in afdeling drie ook tot sy dood by. Piet se afwesigheid van sy huis lei ook daartoe dat Doris al hoe meer tyd met Mavis en Tank deurbring en 'n seksuele verhouding met een van hulle vriende, Barnie Truter, aanknoop. Die verhouding lei egter tot die klimaks van die novelle waartydens Gertie haar ma en Barnie in haar ouers se slaapkamer betrap wanneer hulle seksueel verkeer. Kort hierna (aan die einde van die derde afdeling) word Doris van haar man se dood ingelig en voel sy besonders skuldig aangesien sy hom met Barnie verneuk het. Sy voel

dat dit haar skuld was dat Piet aan 'n asma-aanval gesterf het aangesien sy nie sy asmapompie vir hom ingepak het nie. (Is dit egter die vrou se rol om te verseker dat haar man altyd sy asmapompie by hom het?)

Laasgenoemde gebeurtenis dien as voorspel vir die vierde afdeling waartydens Doris handomkeer verander en deur middel van charismatiese predikers en kwaksalwers 'n metamorfose ondergaan. Waar Doris aan die begin van die novelle teen die kerk, die patriargale bestel asook die sosio-politiese gebeure in die land gerebelleer het, word sy as sulks onderdanig aan die kerk uit blote skuldgevoel en keer sy terug na haar kinderjare en die onderdrukking wat sy onder haar streng Calvinistiese vader ondervind het. Doris se ontvlugting deur middel van alkohol, sigarette, films, haar beroep en uiteindelik 'n seksuele verhouding word ongedaan gemaak en keer sy as sulks terug na die tipe lewe wat sy moes ly voordat sy haarself probeer 'bevry' het van die onderdrukking wat sy as Afrikanervrou ervaar.

Gertie word geleidelik blootgestel aan die talle uitdagings wat die vrou gedurende die vyftigerjare in Suid-Afrika in die gesig gestaar het. Sy word bewus van die sosio-politiese gebeure van die dag. Apartheid en spesifiek die Groepsgebiedewet word eerstehands ervaar wanneer hul bure, die Williamse, moet verhuis. Haar ma besluit om 'n koek wat sy vir haar pa (Gertie se oupa) se besoek gebak het, vir die Williamse te gee as 'n versoeningsgebaar aangesien Doris besluit dat hul gedwonge verskuiwing nie geregverdig kan word nie.

My ma hardloop agterna met die koek en skree: "Ons is nie almal so nie!"
maar die vrou draai die venster in haar gesig toe. Hulle ry weg sonder om een maal na ons te kyk, Gregory en sy ma en sy pa. (112)

Die titel van die novelle vind in Doris se woorde betekenis. Dit blyk duidelik uit laasgenoemde aanhaling dat Doris nie die rassistiese ideologie van die Nasionale Party ondersteun nie. Menslikheid bly steeds vir haar 'n faktor te wees aangesien sy van mening is dat die Williams-gesin goeie mense is.

Hulle is 'n damn sight beter as die spul hierso. (112)

Die laaste afdeling van die novelle fokus op Doris se spirituele fase waartydens sy 'n geestelike pelgrimstog ondergaan na afloop van haar man se dood. Doris vind uiteindelik haar geluk by 'n sektariese kerkgroep. Dit is dus heel ironies aangesien Doris haar lewe lank juis van haar Calvinistiese agtergrond probeer ontvlug. Die novelle is dus siklies van aard aangesien Doris terugbeweeg na waar sy haar aan die begin van die novelle bevind het – vasgevang in 'n huwelik en land wat haar as vrou ideologies onderdruk het.

Die **patriargale bestel** verwys na die sosiale verskynsel waar die manlike geslag die leidende rol in die samelewing vertolk en vroueregte nie veel aansien geniet nie.

Resepsie

Die woord “resepsie” verwys volgens die *HAT* na die “wyse waarop iets ontvang word” (2005:931). In hierdie afdeling word daar gekyk na ’n aantal resensies wat na die publikasie van *Ons is nie almal so nie* (1990) verskyn het.

Hier volg ’n kort opsomming van die resensies wat in bekende dagblaaië verskyn het:

- **Ina van Zyl** skryf in *Die Republikein* dat die leser deernis met Doris se karakter kan hê. Van Zyl gee ’n kort opsomming van die verhaal en toon aan dat die titel *Ons is nie almal so nie* “op ironiese wyse [toon] dat “ons” wel so is: hardkoppig, eiegereg, slagoffers van die vorige geslag wat die apartheidsprosesse in hulle drang tot anders wees geskep het.” (1990:9) Van Zyl wys verder daarop dat die feit dat die verhaal vanuit die vertelperspektief van Gertie, ’n jong dogtertjie, vertel word, ’n sterk ironiese dimensie tot die novelle verleen.
- **Rike Vaughan** skryf in *Rapport* dat die novelle ’n “onvergeetlike boek, ’n heerlike boek, ’n boek wat jy op die strand kan lees [en] waaroor jy jou plek-plek vrek wil lag” (1990:9) is. Sy noem dat dit moeilik sal wees om dié novelle te vertaal aangesien daar so treffend van kodewisseling gebruik gemaak word. Vaughan is van mening dat die wonder van die novelle in die verteltegniek opgesluit lê.
- **Gerrit Olivier** skryf in *Vrye Weekblad* dat die novelle op die oog af soos verstrooiingslektuur daarna uitsien. Volgens Olivier is die “populêre aanbod ook onmiddellik sigbaar in die vertelling self wat nie opsetlik streef [na] ’n ‘dieper’ betekenis of simboliese waarde [nie]” (1990:15). Die skrywer slaag daarin om die leser vanaf die eerste sin geboei te hou en slaag sy gevolglik ook daarin om deur middel van die dialoog die karakters “hier langs jou te hoor praat” (1990:15). Olivier wys verder daarop dat hy die “vasklou aan die oppervlak as ’n doelbewuste subversiewe *statement* teen ’n beheptheid met ‘dieper’ betekenis [beskou]” (1990:15). Olivier beskou *Ons is nie almal so nie* as “’n meesterlike vertelling [asook] ’n onvergeetlike herskepping van die ‘land van herkoms’: ’n land van manlike heerskappy en drome, ’n land waar die verontmensliking van rassevooroordeel tot in die vesel van die daaglikseheid deurdring” (1990:15).
- Volgens **Gunther Pakendorf** verkry die novelle sy besonderse trefkrag “deurdat dit deur die medium van die vyf- sesjarige kind, Gertie – eintlik Gertruida – vertel word” (1990:9). Die vertelling word dus sonder vooroordele en met eerlikheid sonder om gebeure te verdoes, aangebied. Goosen slaag verder daarin om “die sosiale realisme sonder opdringerigheid en sonder sentimentaliteit konsekwent deur te voer” (1990:9). Pakendorf beskou *Ons is nie almal so nie* as “’n vars luggie in die huidige, enigins bedompige literatuurtoneel” (1990:9).

Karakterisering

Gertie (Gertruida) van Greunen

Gertie is die verteller asook een van die hoofkarakters (protagoniste) in *Ons is nie almal so nie*. Sy is ongeveer vyf- of ses jaar oud en woon tydens die vyftigerjare saam met haar ma Doris en pa Piet van Greunen in een van die Kaapse voorstede. Gertie leef in 'n wêreld wat ironies genoeg deur vroue gedomineer word aangesien sy meestal in haar ma en ant Mavis se geselskap verkeer. Haar pa is gereeld afwesig van die huis en ander manlike karakters soos Koos Brits word as swakker figure uitgebeeld. Sy swakheid word uitgebeeld wanneer Doris en Mietjie hom feitlik moet dwing om sy musikale item tydens die ATKV (Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging) se konsert te lewer:

Oom Koos het probeer loskom, maar my ma en ant Mietjie het styf aan sy arms vasgehou.” (67)

Gertie het 'n groot bewondering vir Spider Lady, 'n fiktiewe vroulike strokiesprentkarakter wat mans domineer.

Op die ou end het hulle Spider Lady ook gevang. Al was sy sleg, was ek nogal jammer, want ek het van haar gehou, miskien omdat sy soos my ma gelyk het. (48)

Gertie ontwikkel deur die loop van die novelle 'n groter gehegtheid aan haar ma en distansieer haarself al hoe meer van manlike figure soos haar pa. Sy het groot geskrik tydens 'n speletjie by 'n buurhuis toe die buurseun probeer het om haar broek uit te trek.

“Jy moet jou broek ook uittrek” sê Dolfie. Ek het bang geword en begin huil. (116)

Kort daarna word Gertie verder geskok toe sy op haar ma en Barnie afkom waar hulle seksuele omgang het. Volgens Van der Merwe (2000) is “Gertie kennelik 'n lesbiër in wording. Mans word al hoe meer uit haar lewe uitgesluit; wat sy eintlik begeer is om alleen met haar ma te wees. Haar beskrywing van haar ma se skoonheid aan die einde van die novelle is byna soos die van 'n verliefde:

Sy het al mooier en mooier geword met haar blou oë wat heeltemal deurskynend word. Haar gesig het begin skyn en dan het ek geweet dis die Heilge Gees wat in haar ingekom het. (145)

Van der Merwe se stelling omtrent Gertie se seksuele voorkeure kan egter bevraagteken word aangesien dit nie op konkrete feite binne die konteks van die novelle gebaseer kan word nie.

Swanepoel (2008:461) beskou Gertie se karakter as 'n tipe “naïewe kinderlike fokalisator” en dit is juis hierdie naïewiteit wat Gertie se karakter so verhef binne die

konteks van die novelle. Die leser verkry sodoende 'n eerstehandse weergawe van die gebeure wat deur Gertie se karakter waargeneem word. Gertie se karakter word gevolglik erg ontnugter. Kannemeyer (2005:440) wys daarop dat "wat vir die vertellende Gertie na idilliese geluk en [’n] vreedsame bestaan gelyk [het], in werklikheid die wrede realiteit van armoede en ’n slenterbestaan [belig]".

Alhoewel Gertie een van die protagoniste in die novelle is, word daar feitlik geen melding van haar fisieke karaktereienskappe gemaak nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat *Ons is nie almal so nie* as **novelle** en nie as roman geklassifiseer word. ’n Volledige karakterbeskrywing van Gertie ontbreek gevolglik. (Sien definisie van 'novelle')

Doris (Dorothea) van Greunen (née Prinsloo)

Doris van Greunen is ’n besonders interessante karakter binne die konteks van die novelle. Doris is net soos talle Afrikanervroue tydens die vyftigerjare aan die patriargale bestel onderwerp. Sy hou van films en musiek. Sy besit ’n groot plateversameling van kunstenaars soos Jeanette MacDonald, Nelson Eddy en Richard Tauber. Wanneer sy hartseer voel, luister sy altyd na Richard Tauber se 'For you alone'. Doris se liefde vir films en om die bioskoop te besoek, kom al sedert haar kinderdae. Haar liefde vir films het selfs daartoe gelei dat sy een maal in die koerant verskyn het.

Dit was met 'Gone with the wind' met Vivien Leigh. [...] Jou ma was heeltemal mal oor daardie prent. Sy het dit aand vir aand, oor en oor gaan sien. (23)

Nadat een van die bestuurders opgemerk het dat Doris elke aand voor in die ry staan om die film te sien, het hy met haar gepraat en uitgevind hoeveel keer sy al die film gekyk het. Gevolglik het ’n artikel in die *Argus* verskyn. Al die bioskoop bestuurders in Kaapstad het ooreengekom dat Doris van toe af die film gratis mag kyk.

Sy is getroud met Piet van Greunen wat ’n lokomotief vir die spoorweg bestuur het. Nadat Piet in ’n ongeluk betrokke was, is hy ongeskik vir werk verklaar en het Doris as usherette (plekaanwyser) by die Roxy T-room / Victoria bioskoop gaan werk om ’n inkomste te verdien. (Dit was in die vyftigerjare amper ongehoord dat die man tuis bly en die vrou die broodwinner word.) Piet was egter ongelukkig oor die feit dat Doris gewerk het. Teen die einde van die novelle is Piet van mening dat Doris haar werk as usherette moet opgee.

Jy kan gerus nou daaraan begin dink om die bioscope op te gee. Jou plek is in jou huis. Dis waar ’n vrou behoort. (101)

Doris se huwelik was nie meer so vervullend soos dit aan die begin van haar en Piet se verhouding was nie. Piet het lang ure gewerk (nadat hy later tog weer by die spoorweg aangestel is) en sy het alleen gevoel. Sy moes allerlei maniere vind om van haar omstandighede en eensaamheid te ontvlug. Sy het ontvlug deur alkohol te drink en Cavalla sigarette te rook. Haar vriende, Mavis en Tank, was ook ’n welkome ontvlugting

van haar saai alledaagse bestaan. Doris was egter vasbeslote om te werk alhoewel Piet dit nie goedgekeur het nie.

“Piet, ek gee nie om wat jy sê nie, maar van Saterdaganda af usher ek weer.” (33)

Van kindsbeen af is Doris deur mans gedomineer. Die een persoon wat ’n besonders groot effek op haar lewe uitgeoefen het, was haar pa, Hoppie. Hy was streng en ’n uiters konserwatiewe Christen wat anti-Katoliek, rassisties en anti-kommunisme was. Doris spreek haar pa aan as “Pai” as ’n vorm van respek, maar ook uit vrees en onderdanigheid. Hy het ook nie Doris se verhouding met Piet goedgekeur nie.

“Dorothea, jy moet daardie Van Greunen-kêrel los. Trou jy met hom, gaan jy al jou dae hê. Ek sê jou, hy het ’n nuk.” (39)

Doris se buite-egtelike seksuele verhouding met Barnie Truter kan ook as ’n vorm van ontvlugting van haar kleinburgelike voorstedelike bestaan beskou word. Alhoewel sy erg skuldig gevoel het oor haar verhouding met Barnie, veral na die dood van haar man, het hy vir haar alles gegee waarna sy gesmag het: liefde en aandag. Barnie se netjiese voorkoms en sy sjarmante persoonlikheid het haar tot hom aangetrek. Haar verhouding met Barnie was soos ’n daaglikse ontsnappingsroete vanuit haar saai bestaan.

Doris se gebrek aan geluk word in die novelle deur haarself soos volg verwoord:

“Geluk is iets wat net vanself met ’n mens gebeur. Op ’n dag word jy wakker, jy doen jou dinge, jy ontmoet iemand en skielik kry jy ’n gevoel hier binne-in jou. Jy wil sommer lag en huil, alles deurmekaar en dit is asof jy iets gróóts wil doen, iets wat niemand anders kan doen nie, maar jy kan niks doen nie en jy weet ook nie hoe nie. Dit is wat geluk is, dit is wat dit beteken om gelukkig te wees.” (97)

Barnie Truter was een van die min mense van Doris gelukkig kon maak aldus Gertie:

Een keer het hy oorgebuig en iets in my ma se oor gesê. Sy het skaam gelyk en rooi geword. Toe weet ek, sy is gelukkig. (98)

Ten spyte van die sosio-politiese omstandighede waarin Doris haarself bevind het, het sy deurgaans empatie vir ander rasse getoon. Dit blyk duidelik te wees uit haar siening van die kleurling gesin, die Williamse, wat weens die Groepsgebiedewet (1950) gedwing is om te verhuis.

“En moet ook nie kaffer sê nie. Dis naturel. Kaffer en hotnot is woorde vol haat. Praat tog van kleurling en naturel. (30)

“Ek het ’n good mind en gee die koek vir hulle. Hulle is ’n damn sight beter as die spul hierso.” (112)

Deur 'n koek wat sy vir haar pa se besoek gebak het, vir die Williams-gesin as afskeidsgebaar te gee, poog Doris daarin om haar empatie met die Williams-gesin te betuig. Sy voel as sulks skuldig oor die feit dat hulle gedwing word om te verhuis. Die koek word dus 'n simbool van Doris se empatie vir haar medemens. Dit kan ook as 'n simbool van versoening binne die konteks van die apartheidsbestel beskou word.

My ma hardloop agterna met die koek en skree: "Ons is nie almal so nie!"
maar die vrou draai die venster in haar gesig toe. (112)

Doris het gevolglik in haar poging tot 'versoening' met haar kleurling bure gefaal. Doris verteenwoordig as sulks die minderheid Afrikaners wat gedurende die apartheidsbestel simpatie met die nie-blankes se posisie binne die sosio-politiese sweer getoon het.

Na die afsterwe van haar man, en twee weke later haar vader, het Doris se wêreld totaal verbreek.

In die vierde afdeling van die novelle onderneem Doris 'n tipe spirituele pelgrimstog om innerlike vrede met haarself te verkry na die afsterwe van haar man en pa. Tydens hierdie proses maak Doris ook kontak met spiritiste, hipnotici en mediums wat allerhande kwakpraatjies¹ aan haar verkoop. Uiteindelik bekeer Doris haarself en word haar lewe totaal deur godsdienst oorheers. Sy ondergaan 'n totale transformasie in persoonlikheid en keer as't ware terug na haar kinderjare waartydens sy onder haar streng, konserwatiewe vader deurentyd aan godsdienst blootgestel is en dit op haar afgedwing is. Doris se verhaal kan as 'n siklus beskryf word wat aan die einde van die novelle weer terug by die begin arriveer. Doris ontvlug van haar saai bestaan deur haarself totaal aan godsdienst oor te gee. Doris se verhaal is die van 'n doodgewone vrou met drome wat haarself in die proses vir haar gesin moes opoffer.

Piet van Greunen

Piet van Greunen is getroud met Dorothea en is die pa van Gertruida (Gertie). As jong man was hy 'n ware romantikus, maar weens tragiese gebeure in sy lewe het hy gevolglik meer sinies van geaardheid geword.

Piet was op die ouderdom van veertien al wees. Hy is kort van gestalte en is volgens Doris nogal slim, maar hy het nooit die geleentheid gehad om verder te studeer nie.

Hy het sy goeie punte. Hy drink nie, bring sy geld huis toe en hy slaan nie vir haar, sy vrou, nie. (26)

Piet was 'n lokomotiefbestuurder by die Suid-Afrikaanse spoorweë. Tydens 'n ongeluk naby De Aar, het daar gas in sy longe gekom en is hy ongeskik vir werk verklaar. Hy moet gevolglik 'n asmapomp gebruik om sy asma onder beheer te hou. Alhoewel die dokter van mening was dat Piet slegs ses maande sou leef, het Piet egter sterker geword en mettertyd gevoel dat hy weer kan gaan werk. Voor die ongeluk het Piet hoë

¹ Kwaksalwers verwys na bedrieërs en knoeiers. (Sien HAT [2005:640])

aansien onder sy bure, vriende en kollegas geniet. Hy moes gereeld vir mense vorms help invul of verduidelik. Hy het 'n besonderse mooi handskrif gehad – aldus die skoolhoof van Parow Primêr.

Piet het uiteindelik weer daarin geslaag om 'n pos by die spoorweë te bekom. Aanvanklik het hy as vlagman by die Tiervlei-kruising gewerk. Later is hy tot voorraad verifieerder bevorder. Dit het gevolglik meer verantwoordelikhede teweeggebring, maar terselfdertyd ook beteken dat hy meer geld verdien het. Piet was gevolglik baie van die huis af weg weens werksverpligtinge en dit is gedurende dié tyd dat Doris haar verhouding met Bernie verder gevoer het. Ironies is dit ook sy werk wat tot sy dood sou lei. Piet het 'n asma-aanval gehad terwyl hy in Touwsrivier werksaam was. Hy het nie sy asmapompie by hom gehad nie, versmoor en volgens die dokter wil dit voorkom asof sy hart daarvan ingegee het. Die moontlikheid bestaan egter dat Piet ook nie so onskuldig was as wat hy voorgegee het nie aangesien die moontlikheid bestaan dat hy ook heel moontlik 'n buite-egtelike verhouding kon hê met die dat hy vir sulke lang tydperke op 'n slag van die huis af weg was.

Piet is egter baie bewus van ras en klas. So groet Piet byvoorbeeld glad nie sommige van hul bure nie aangesien hy van mening is dat hulle “nie van [hulle] klas is nie” (30). Piet is 'n produk van Afrikaner nasionalisme. Hy ondersteun die Nasionale Party wat in 1948 aan bewind gekom het se segregasiebeleid. Hy hou nie van kommuniste nie en is glad nie danig oor Mavis en Tank nie.

“Sê my, het jy geweet Tank is 'n kommunis? Toe sê my, het jy geweet?” (37)

“Dis kaffers en die goed word by die dag astrarter. Hulle moet hulle op hul plek hou. Maar Malan sal hulle én die hotnots vasvat.” (50)

Piet was egter ook sterk patriargaal ingestel en het nie daarvan gehou dat Doris werk nie. Sy moes volgens hom by die huis bly “waar 'n vrou behoort. (101) Piet se streng konserwatiewe en Calvinistiese lewensuitkyk het tog tot 'n mate 'n wig tussen hom en Doris gedryf. Doris wou die lewe geniet en wou ontlug van haar konserwatiewe en saai bestaan. Hy het egter nie vir haar die ontlugting gebied waarna sy gesmag het nie en is hul geleidelik verder uit mekaar gedwing.

Mavis

Mavis is Doris se beste vriendin. Sy word beskryf as “vet en jolly” (12). Net soos Doris rook en drink sy gereeld. Sy het 'n verhouding met Tank, 'n jonger man en hulle woon in twee huurkamers. Hulle praat Afrikaans en Engels gemeng met mekaar en Piet vind hulle effens agterlik en eenvoudig.

Mavis het 'n mongooldogter, Caroline. Die dogter is reeds op 'n jong ouderdom in die Alexandra-inrigting gesit. Dit is vir Mavis 'n baie teer saak aangesien Caroline “al [is] wat [sy] het” (35). Mavis weier egter om met Piet in die huwelik te tree. Dit kan beskou

word as haar verset teen die patriargale bestel en sodoende behou sy haar onafhanklikheid as vrou.

[...] maar sy wil niks weet van trou met hom nie. [...] “Hy het al ophou vra, want Mavis se antwoord bly nee.” (36)

Mavis stel Bernie Truter aan Doris voor en lei haar sodoende in die verderf aangesien Mavis van meming is dat Doris bietjie geluk moet ervaar minwetende dat dit eintlik groot ongeluk vir Doris teweeg sou bring.

Tank (Die naam “Tank” sinspeel op die woord “Tang” ²)

Tank is Mavis se kêrel. Hy is jonger as Mavis, het ’n snor, ’n groot maag en dra sy hare met ’n middelpaadjie. Hy en Mavis praat Engels en Afrikaans deurmekaar (kodewisseling). Tank sukkel om werk te kry aangesien een van sy voete tydens die Tweede Wêreldoorlog afgeskiet is en gevolglik stap hy mank. Hy kry wel ’n oorlogspensioen, maar dit is nie genoeg geld om van te leef nie. Hy soek dus gedurig na werk, maar sodra die werkgewers sy fisieke gebrek waarneem, word hy vir die meeste van die betrekkings afgekeur. (Onthou egter dat die arbeidswetgewing van die vyftigerjare nie so streng was soos wat tans die geval is nie – diskriminasie teen gestremdes is in die huidige politieke klimaat onaanvaarbaar.)

Tank is baie liberaal ingesteld en dit is een van die redes waarom Piet nie Doris se vriendskap met hom goedkeur nie. Piet spreek homself openlik uit teen die onreg wat nie-blankes aangedoen word tydens die apartheidsjare.

“Jy kan nie so met mense werk nie, al is hulle kaffers! What a life for the poor bastards!” (14)

Piet beskou Tank as ’n “opperste kommunist” (15). Tank se noemnaam vir Gertie is “Aapsticks”. Tank was net na die oorlog vir twee maande in die tronk. Hy en ’n vriend het voëltjies in ’n wip gevang, hulle gekleur en verkoop. Na die eerste reën het die kleurstof afgewas en is Tank se skelm plan ontbloot. Tank kan ook mooi kitaar speel en sing. Hy raak baie gou depressief aangesien sy gebrek hom van vele geleenthede in die lewe ontnem het. Hy is baie lief vir Mavis en wil graag met haar trou, maar Mavis sien nie kans om met hom te trou nie ten spyte van die feit dat sy lief is vir hom.

Barnie Truter

Hy is ’n vriend van Mavis en Tank. Hy is ’n aantreklike man wat netjies aangetrek is. Hy het ’n goue tand wat hy altyd doelbewus vir mense wys wanneer hy glimlag. Hy het tydens die Tweede Wêreldoorlog onder Generaal Dan Pienaar in Noord-Afrika geveg. Hy is ’n handelsreisiger van beroep en reis regoor die land. Hy het ’n troetelapie genaamd “Pickles” wat hy na die oorlog terug Suid-Afrika toe gebring het. Hy ry ’n

² “Tang” verwys volgens die HAT na “’n swak, agteraf tipe persoon” (2005:1162).

Hudson motor en is smoorverlief op Doris. Hy en Doris knoop gevolglik 'n seksuele verhouding aan na afloop van 'n dans waarna Mavis hulle genooi het.

Koos Brits

Koos woon in Vasco in Kaapstad en is 'n rassis. Tydens hul besoek aan die ATKV se Hartenbos oord word Koos deur Mavis en Doris oorreed om die mondfluitjie en pensklavier by 'n konsert te speel. (Sien bladsy 63-65) Alhoewel hy aanvanklik huiwerig is, genie thy homself terdeë namate die gehoor hul waardering vir sy musiek deur middel van hul luide toejuiging betoon.

Mietjie Brits

Mietjie is Doris se suster. Sy is met Koos getroud. Sy is ook simpatiek ingesteld teenoor ander rasse – in skerp kontras met haar rassistiese man.

Ou Byrd – Hy is die bestuurder by die Victoria bioskoop.

Dokter Hoffmann – Piet se huisdokter.

Cottage Pie – Hy is een van die bure wat naby die Van Greunens woon.

Caroline – Mavis se mongool dogter. Sy bly in die Alexandra-inrigting in Kaapstad.

Hoppie Prinsloo – Hy is Doris se pa. Hy is 'n konserwatiewe man en 'n toegewyde Christen. Hy is baie lief vir rugby en kyk gereeld na wedstryde op Nuweland. Hy kuier elke laaste Vrydag van die maand by sy dogter, Doris. Doris is egter baie versigtig wanneer sy in sy teenwoordigheid verkeer en gee voor wat sy nie werklik is nie.

“[J]ou oupa sal net so dood neerslaan as hy moet weet ek rook en ek weet nie wat sal gebeur as hy weet van die bioscope nie.” (40)

Hy is ook baie gekant teen die Rooms Katolieke geloof en waarsku Gertie om “nie met Roomse kinders te speel nie” (41).

Grieta van Breda – 'n beroemde sangeres wat by die ATKV konsert optree.

Oom Wilson – buurman

Mev. Kleijn – buurvrou

Mev. Toerien – buurvrou

Mev. Kok – buurvrou wat oorkant die Van Greunens woon. Gertie moes soms daar gaan oorslaap. Mevrouw Kok is effens doof in haar een oor. Mevrouw Kok is een oggend deur haar man ontdek waar sy in haar bed vermoor is. Iemand het haar met 'n mes gesteek.

Kok Bok – Mevrouw Kok se man – die bure noem hom “Kok Bok” omdat hy 'n bok in sy agterplaas aanhou.

Maize Vlooi - buurvrou

Jacobse – Bure van die Van Greunens. Hulle is Sappe (Ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party wat minder konserwatief as die Nasionale Party was.). Meneer en mevrou Jacobs het tien kinders. Mnr. Jacobs se bynaam is Jan van Riebeeck. (Sien bladsy 102-103)

Gregory Williams – kleurlingseun wat agter Gertie-hulle woon. Hulle speel soms saam. Sy pa is 'n onderwyser. Hulle word deur middel van die Groepsgebiedewet (1950) gedwing om te verhuis.

Dolfie en Miena Jacobs – Gertie gaan speel soms by hulle. Tydens een van hul speletjies speel hulle dat Dolfie en Gertie trou. Gevolglik wou Dolfie hê dat Gertie haar broek moet uittrek en hulle saam kaal soos man en vrou moes “slaap”. Gertie het egter geskree en weggehardloop.

Joe Harvey – clairvoyant (heldersienende)

Broer Labuschagne – Hy was 'n lang man met swart hare en swart oë. Hy is 'n prediker van beroep. Hy was verantwoordelik vir Doris se bekering.

Bou

Die term ‘bou’ verwys na die wyse waarop die verhaal uiteengesit en aangebied word. Volgens Senekal (1985:85) verwys die bou van 'n verhaal na elemente soos “begin en einde, hoofstukke, situasies, epiese grondvorme soos beskrywing, opsomming, gesprek en kommentaar.”

Ons in nie almal so nie bestaan uit 'n begin en einde wat siklies van aard is aangesien Doris poog om van haar omstandighede te ontvlug, maar egter weer terugkeer na haar streng Calvinistiese agtergrond wanneer sy in die laaste afdeling tot bekering kom. Die begin en einde van die novelle sluit dus by mekaar aan.

Die novelle bevat geen hoofstukke nie, maar bestaan wel uit vier afdelings wat op sy beurt chronologies met mekaar verbind is. Elke afdeling fokus op 'n spesifieke ‘fase’ van die Van Greunen-gesin se lewens.

Deel 1: bl. 11-43 (Die karakters en hul probleme word bespreek.)

Deel 2: bl. 47-88 (Sosio-politieke gebeure word bespreek.)

Deel 3: bl. 91-120 (Doris vind geluk in haar buite-egtelike verhouding met Barnie.)

Deel 4: bl. 123-145 (Doris kom tot bekering na die dood van haar man en pa.)

Die bou van die verhaal bestaan uit 'n **episodiese struktuur** en die gebeure beweeg van voorval tot voorval voort. (Sien Kannemeyer 2005:440)

Deur middel van die eerstepersoonsverteller, Gertie van Greunen, word die verhaal aan die leser voorgedra deur afwisseling van gesprekke en kommentaar wat sy deur haar waarnemings aan die leser oordra.

Die bou speel saam met tyd en ruimte 'n belangrike rol in die novelle aangesien dit die faktor is wat die narratief as geheel met mekaar verbind.

Tyd

Verteltyd: Die term 'verteltyd' verwys volgens Brink (1987:92) na "die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel". (Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of roman.)

Deel 1: bl. 11-43 (29 bladsye)

Deel 2: bl. 47-88 (31 bladsye)

Deel 3: bl. 91-120 (29 bladsye)

Deel 4: bl. 123-145 (22 bladsye)

Vertelde tyd: Die 'vertelde tyd' dui op "die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word" (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die 'vertelde tyd' die 'leestyd' wat "meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke".

Die novelle *Ons is nie almal so nie* se **verteltyd** strek dus oor **145 bladsye** bestaande uit vier afdelings. Die **vertelde tyd** strek oor 'n ongespesifiseerde tydperk in die vyftigerjare kort nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het.

Bogenoemde afleiding word gegrond op talle verwysings na sosio-politieke gebeure in die novelle sowel as die name van motors, films en bekendes waarna die verteller verwys.

My ma sê dit is omdat ons nou 'n ander goewerment het. Die kleurlinge moet nou na hulle eie bioscopes gaan. Die Victoria is net vir wit mense. (47)

Maar Malan sal hulle én die hotnots vasvat. (50)

Die verhaal word **chronologies** aangebied alhoewel die vertelling gefragmenteerd is met verwysings na vroeë gebeure.

Ruimte

Vanuit 'n narratologiese oogpunt word daar volgens Venter (1985:95-96) drie vorme van ruimtelikheid in die epiek (roman / novelle) onderskei:

1. Die **genarrateerde (vertelde) storietuimte** (die **plek** waar die storie afspeel)
2. Die narratiewe verhaalruimte (die wyse waarop die storieruimte vertel word)
3. Die diskursiewe vertellersruimte (Die vraag na die instansie uit wie se ruimtelike bewussyn waargeneem of gefokaliseer word.)

Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** in *Ons is nie almal so nie* is maklik identifiseerbaar. Die ruimte waarin die novelle afspeel is Kaapstad gedurende die vyftigerjare. Die verteller verwys deurgaans na geografiese plekname wat met Kaapstad identifiseerbaar is.

Ant Mietjie is voormeisie in 'n sigaretfabriek in Koeberg. (18)

In bogenoemde aanhaling verwys Gertie na Koeberg wat alom bekend is vir die Koeberg kernkragssentrale wat in Kaapstad geleë is alhoewel dit nog nie in die vyftigerjare bestaan het nie.

“Sy het hom in Woodstock gaan sien, later in Soutrivier, toe in Maitland, Goodwood, later in Parow en toe tot in Bellville”. (23)

Gertie verwys in bogenoemde aanhaling na al die teaters waar haar ma, Doris, die film ‘Gone with the wind’ gaan kyk het.

Ruimte speel 'n belangrike rol binne die konteks van die novelle. In *Ons is nie almal so nie* blyk dit duidelik uit die talle plekverwysings dat Gertie en haar ouers in 'n minder gegoede buurt woon. Dit word verder ondersteun deur haar ouers se beroepskeuse, die taalgebruik (veral ook die van die bure) en die feit dat hulle relatief ver moes reis om in die middestad te kom. (Hulle woon dus nie in een van Kaapstad se gegoede buurte in of naby die stadskern nie.)

Temas

Talle temas kom in die novelle *Ons is nie almal so nie* voor. Hier volg 'n lys van moontlike temas:

- Die **patriargale bestel** speel 'n belangrike rol in verskeie Suid-Afrikaanse kultuurgroepe soos die Xhosa-, Zoeloe- en Afrikanergroepe. Gedurende die vyftigerjare vier die patriargale bestel hoogty. Doris poog reeds sedert haar kinderdae om vanuit dié sisteem te ontnag. Die tema is steeds relevant in die een-en-twintigste eeu en die rol van die vrou in die moderne samelewing word steeds druk bespreek. (Vroueregte word in baie lande steeds ontken.)

- **Rassisme en die apartheidsbestel** staan sentraal in die novelle. Die uitwerking van die Groepsgebiedewet (1950) word eerstehands deur die Williams-gesin ervaar en word direk verbind met die titel van die novelle *Ons is nie almal so nie* – Doris se woorde aan die Williamse wanneer hul nie haar koek as afskeidsgebaar wil aanvaar tydens hul verhuising nie.
- **Nasionalisme** het 'n groot rol in Suid-Afrika se geskiedenis gespeel. Die rol van die Nasionale Party wat in 1948 aan bewind gekom het, speel 'n belangrike rol in die konteks van die novelle.
- **Sosio-ekonomiese verskille** tussen ryk en arm is 'n belangrike tema in die novelle. Die Afrikaner se ekonomiese opheffing het na 1948 stelselmatig momentum verkry. Daar het egter steeds 'n skeiding tussen die ryk en arm Afrikaners gebly. Die taalgebruik dien as goeie voorbeeld wat op die klasseverskil dui. (Let byvoorbeeld op na die Van Greunens se bure se taalgebruik – dit is nie Standaardafrikaans wat met 'n beter opvoeding en klas geassosieer word nie.)
- **Godsdiens** en die effek wat dit op 'n persoon soos Doris uitoefen het word in die laaste afdeling van die novelle aangeraak. Doris se skielike bekering en die ommekeer wat dit in haar lewensstyl teweeggebring het, laat talle vrae oor die positiewe en negatiewe aspekte van sekulêre godsdienste, mediums, hipnotiste en predikers ontstaan.
- **Taal** speel 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse konteks. Die toekoms van Afrikaans word op 'n daaglikse basis op talle platvorme bespreek. In die novelle word daar ook van die taalkwessie melding gemaak wanneer Koos Brits slegs 'n Afrikaanse lied by die ATKV se konsert in Hartenbos mag speel. Taal word dus direk met nasionalistiese beginsels verbind.
- **Ontvlugting** – Doris smag sedert haar kinderdae om van haar omstandighede te ontvlug. Tydens haar huwelik wend sy haar tot 'n buite-egtelike verhouding om van haar saai bestaan te ontvlug – met ongelukkige gevolge.
- **Die kulturele oplewing gedurende die vyftigerjare in Suid Afrika** – Amerikaanse films en musiek was besonders gewild onder Suid-Afrikaners. Terselfdertyd het die Afrikaner establishment hulself daarvoor beywer om die Afrikanerkultuur te laat herleef deur organisasies soos die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge) en die ATKV (Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging).

Taalgebruik in die novelle

Die karakters se gemengde taalgebruik dien funksioneel te wees. Kannemeyer (2005:440) beskou dit as “ongekunstelde Afrikaans, deurspek met Engelse woorde [...wat] van 'n vitale krag getuig.” Die karakters praat nie Standaardafrikaans nie en

kommunikeer deur middel van kodewisseling. **(Kodewisseling verwys na die verandering van taal tydens die kommunikasieproses. Wanneer 'n Afrikaanssprekende persoon dus na Engels oorskakel, vind kodewisseling plaas.)**

Die taalgebruik in die novelle dien 'n spesifieke doel sover dit die karakters aangaan. Die “ongekunstelde Afrikaans” wat deur die karakters gepraat word, word met 'n spesifieke sosio-ekonomiese klas vereenselwig – die tipe taalgebruik wat deur 'n laer, minder geskoolde inkomstegroep gebruik sal word.

Moontlike Studietemas

- Bespreek die funksionaliteit van Gertie as jeugverteller. Watter voor- en nadele bring dit teweeg? Op watter wyse dra dit by tot die geloofwaardigheid van die narratief?
- Die patriargale bestel kom steeds in talle kulture regoor die wêreld voor. Bespreek die uitwerking van die patriargale bestel op die vrou van die vyftigerjare deur spesifiek na Doris se karakter te verwys.
- Doris voel vasgevang in haar huwelik. Bespreek die ontvlugtingsmeganismes wat deur Doris aangewend word om van haar saai bestaan te ontvlug en die gepaardgaande gevolge wat dit op haar lewe en persoon gehad het.
- Rassisme en sosio-ekonomiese ongelykhede vier steeds hoogty in post-apartheid Suid-Afrika. Bespreek die relevansie van die twee faktore binne die huidige politieke klimaat deur na die novelle as agtergrond te verwys.
- Bespreek die rol van Godsdiens / spiritualiteit in Doris se lewe. Fokus veral op die doel daarvan asook die uitwerking wat dit op haar karakter gehad het.

Die slot van die novelle

“Halo Christu Ku Marrti Sen Bielef Tar Ty Salem Jawé Christu! Christu!! Rama Koerr Ja, O, Christu! Christu!!” (145)

(Hallo Christus / ku mati – Indoniesiese woorde wat “my dooie” beteken – hier dra dit geen betekenis nie / “sen” is 'n Turkse woord / Salem sluit aan by die Hebreeuse woord ‘shalom’ wat vrede beteken / Rama verwys na die opperwese in die Hindoe geloof / die “O” is duidelik 'n uitroep of jammerklaag wat op Doris se desperaatheid dui.)

Die novelle word afgesluit met Doris wat bogenoemde woorde tydens 'n kerkdiens uiter nadat sy klaarblyklik deur die Heilige Gees vervul is. Die woorde sinspeel daarop dat Doris in ‘tonge’ praat en sodoende ‘naby’ aan God verkeer. **Die sin as geheel dra geen verstaanbare betekenis nie** en slegs enkele woorde kan identifiseer word. Die uitroep dui op haar desperaatheid om van haar pyn en saai bestaan te ontvlug.

Soortgelyke tekste vir verrykende lees

Goosen, J. 2002. *'n Pawpaw vir my darling*. Kaapstad: Kwela.

Ryger, R.R. 2006 (1991). *Beertjie en sy boytjies*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Niekerk, M. 1994. *Triomf*. Kaapstad: Queillerie.

Bibliografie

Aangehaalde bronne

Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Goosen, J. 2008 (1990). *Ons is nie almal so nie*. Kaapstad: Kwela.

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

Kannemeyer, J.C. 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Odendal, F.F. & Gouws, R.H. (reds.). 2005 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Pearson.

Olivier, G. 1990. Ons is inderdaad almal so. *Vrye Weekblad*, 27 Julie 1990.

Pakendorf, G. 1990. Klein roman somer pure leesgenot. *Die Burger*, 13 September 1990.

Senekal, J. 1985. Bouvorme. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.

Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.

Swanepoel, E. 2008 (1998). Jeanne Goosen. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel Deel I*. Pretoria: J.L. van Schaik. 456-464.

Van der Merwe, C.N. 2000. Jeanne Goosen kry dit reg met *Ons is nie almal so nie* (1990).

<http://www.argief.litnet.co.za/cgi-in/giga.cgi?cmd=printarticle&news>

Geraadpleeg op 2 November 2012

Van Zyl, I.A. 1990. Deernis met Jeanne se Doris. *Die Republikein*, 12 Oktober 1990.

Vaughan, R. 1990. Nostalgies, tragies – en skreeusnaaks. *Rapport*, 16 Desember 1990.

Venter, L.S. 1985. Ruimte. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.

Geraadpleegde bronne

Kritzinger, M.S.B., Steyn, H.A., Schoonees, P.C., Cronje, U.J. (reds.). 1956 (1928). *Groot Woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.